



WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgeegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 20 Jan – 1 Kor 12 : 12 - 31

Stil word en aanbidding: Lees **Psalm 19: 8-12** as 'n gebed. Dink na oor dit wat die Here van ons vra en oor hoe jy dit uitleef.

Woord: Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees. Paulus skryf in 1 Korintiërs oor 'n probleem wat hy raakgesien het: hoe oortuig jy 'n gesiene en vooraanstande, ryk sakeman daarvan dat hy en die slaaf in dieselfde gemeente wat soggens sy skoene blinkvryf, gelykwaardig is? Of nog erger: hoe bring jy 'n Jood so ver om saam aan dieselfde tafel as 'n Griek te sit en eet. Om sy probleem op te los kies Paulus 'n beeld wat enersyds die verskeidenheid onder gelowiges beklemtoon, maar waarin andersyds ook die eenheid bo alle twyfel behoue bly. Die beeld wat hy gebruik, is dié van 'n liggaam: 'n liggaam wat uit baie verskillende lede bestaan, maar nie een van die onderskeie lede is minderwaardig of meerderwaardig teenoor enige van die ander nie. Elke lid van die liggaam het sy spesiale plek en sy spesiale funksie. Boonop het die verskillende lede mekaar nodig en is hulle van mekaar afhanklik. Verdiep julleself en lees 1 Kor. 12:12-31 'n paar keer aandagtig deur.

Gesprek

1. Wat is die situasie in Korinte wat Paulus se argument in vers 14-21 noodsaak? Hoe is dit steeds van toepassing? Wat is onderliggend aan Paulus se stelling in verse 21-26? Wat leer ons daaruit? By Paulus leer ons van eenheid en samewerking. By ons kultuur leer ons om te kompeteer. Hoe bring ons dit bymekaar?
2. In vers 13 noem Paulus kategorieë van mense wat in daardie samelewing uitsluitend was. Lees nou weer die gedeelte en vervang dit met kategorieë uit ons samelewing: "*...of ons nou...of...is. Ons is almal van die een Gees deurdrenk*". Hoe word jy hierdeur uitgedaag?
3. Wit, Afrikaanse, middelklas Christene voel maar die gemaklikste wanneer hulle saam in die kerk is. Hoe sal julle in die lig van hierdie teksgedeelte op hierdie stelling reageer? Met die teks in gedagte, beskryf in julle eie woorde hoe die kerk moet funksioneer. Hoe kan julle op praktiese maniere uiting gee aan vers 26?
4. Die kerk is die liggaam van Christus. Bespreek hierdie waarheid onder mekaar: dat Christus dus op aarde loop en eet en praat deur Sy volgelinge. Waartoe word julle as volgelinge van Jesus hierdeur geroep?
5. Dink na oor die troos van vers 18: naamlik dat waar die Here jou wil hê, Hy jou daar plaas; God ken jou en Hy ken ook die liggaam van Christus en daarom kies Hy 'n plek vir jou, waar jy die liggaam op 'n unieke manier kan dien, met die wete dat die res van die lede van die liggaam op jou staatmaak.

Afsluiting: Het die groep of gesin al begin met 'n gebedsjoernaal waarin gebedsversoeke neergeskryf word? Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef? Dank God daarvoor.